# Hoofstuk III

## Die Mansvelt-Regime van Organisasie 1892 - 1899

### 1. Inleiding.

Die oplewing in die belangstelling vir die onderwys gedurende die tydperk wat Du Toit die leisels in hande gehad het, word gestaaf deur die toename in die aantal skole en leerlinge in die Transvaalse skole. Du Toit se natuurlike bekwaamheid en deursettingsvermoë het baie daartoe bygedra dat die stelsel die verwagte uitwerking sou verseker. Die plek wat aan die ouers en private inisiatief in die algemeen deur die wet toegeken is, het meegebring 'n sterk verhoging van plaaslike belangstelling in die onderwys.

Die Du Toit-stelsel het egter mank gegaan aan leemtes en swakhede wat die ontwikkeling van die onderwys belemmer en gestrem het. Die tekortkomings het veral hierin bestaan : misbruik kon gemaak word van die toelaestelsel; die bevordering van leerlinge was byna uitsluitlik in die hande van skoolkommissies en onderwysers en so 'n toestand was ongewens ; gratis onderwys aan ongenoegsame kinders het die ouers aanleiding gegee om skoolgelde vry te spring ; die stelsel het nie voorsiening gemaak vir die opleiding van onderwysers nie en die land moes op die buiteland vir sy leerkragte vertrou.

Die Superintendent, wat met soveel besieling sy taak in 1882 aanvaar het, kon nie sy onverdeelde aandag aan die on-

1.Coetzee : Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 55

derwyssaak gee nie.Toe die stelsel in werking kom en daarna slegs roetinewerk vereis het om dit aan die gang te hou, het hy sy entoesiasme vir die onderwys verloor.Stiemens het sedert 1889 die Superintendent se werk gedoen hoewel Du Toit se bedanking eers in 1891 aangeneem is.[1]

## 2. Dr. Mansvelt se Onderwyswet van 1892.

Die Onderwyswet van Mansvelt het die volgende as grondbeginsels gestel :[2]

a. Die gees van die onderwys sou,soos in die verlede,Protestants-Christelik bly.

b. Die berekening van die toelae aan die skole sou geskied volgens twee beginsels : die standaard van die onderwys en die gesamentlike bedrag van die betaalde skoolgelde en die vrywillige bydrae tot stywing van die skoolfondse.

c.'n Subsidie sou betaal word alleenlik aan skole wat onder die toesig van skoolkommissies staan. Die kommissie sou sorg vir die skoolgebou, die meubels en toebehore.

d. Die bedrag van die driemaandelikse toelae is bereken volgens die totale bedrag van die skoolgelde en vrywillige bydraes tot die skoolfonds op die grondslag van £5 tot elke £2,met 'n maksimum van 25/- per leerling vir laer en 35/- per leerling vir middelbare onderwys.

e.Daar is voorsiening gemaak vir die aanstelling van inspekteurs van skole, elk met 'n kring.

f. Deur die vasstelling van die algemene leerplan

1. Malherbe : Education in South Africa 1652-1922, 266
2. Coetzee : Onderwys in Transvaal 1838 - 1937,59 - 61

waarin die eise vir die verskillende standerds omskryf is, het Mansvelt die onderwys op 'n hoër en eenvormige peil probeer bring.

Die bepaling dat nuut-opgerigte skole nie subsidie van die staat ontvang nie, het die ontwikkeling van die onderwys in distrikte waar die bevolking nie welaf was nie aanvanklik gestrem, aangesien baie pas-gestigte skooltjies selfs nie eers vir drie maande op die been gehou kon word nie. Ook wanneer droogtes die sluiting van skole veroorsaak het, moes daar by die heropening daarvan weer eers 'n lang opdraende stryd gevoer word, voordat die subsidie aan die skool uitbetaal is.

3. Onderwys gedurende die diensjaar 1893.

Christiana. A.L.C. van Bergen het die skool in April 1893 heropen nadat dit vir 'n jaar gesluit gestaan het.[1] Die skool het sy eerstebesoek van 'n inspekteur gehad toe F.P. Crots die werk in Oktober ondersoek het. Hy het o.a. soos volg gerapporteer:[2]

| | | |
|---|---|---|
| Inskrywing 21 | | Aanwesig 17 |
| St.1 | ........ | 5 leerlinge |
| " 2 | ........ | 4 leerlinge |
| " 3 | ........ | 8 leerlinge |
| Substanderds | Geen | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| St.1 Lees : | 2 goed, | 2 taamlik goed, | 1 swak | |
| " 1 Spel | 3 | " | " , | 2 " |
| " 1 skryf | 2 | " | " , | 3 " |
| B. Geskiedenis | 2 | " | " , | 3 " |

Die rapport oor die werk van st.3 was nie ongunstig nie en vyf van dieleerlinge is oorgeplaas na st. 4. Die belangstelling in die vordering van die leer linge op skool blyk uit 'n brief van die sekretaris van die kommis-

1. O.D. 15/1 - 1893 127

2. Verslagen van Inspektiën gehouden 1893, Vierde Kwartaal.

sie, E.S.Snell,wat op 27 November £5 aan die Superintendent stuur met die versoek dat hy 'n keuse van 14 boeke moet doen wat aan leerlinge tussen sts.1 en 4 as pryse toegeken kan word.[1]

Bloemhof.Hierdie skool het af en toe herlewe gedurende 1892,maar toe die inspekteur sy omreis gedoen het,moes dit gesluit gewees het, want dit word nie in die verslae van die jaar genoem nie.

Oersonskraal.Die skoolgebou is as swak bestempel en die kommissie is opgedra om dit te verbeter.Die inskrywing het op 16 gestaan,maar aangesien die skool weens sy kort bestaan nog geen subsidie ontvang het nie,het die inspekteur net die bekwaamheid van die onderwyser ondersoek en geen rapport ingestuur nie.[2]

Panfontein. Dit was die enigste nuwe skool wat gedurende 1893 in hierdie gebied geopen is. Daar was 10 leerlinge.[3] Kort nadat die onderwyser sy werksaamhede aanvaar het, het die sekretaris die Onderwysdepartement meegedeel dat die onderwyser die leerlinge verplig om alles in Hollands en Engels te sê, en die ouers was baie bly hieroor want "zoos Vader Kaats zegt,hoeveel talen een man sterk is......."[4]

Palmietfontein. W.Bosch het hierdie skool gedurende die tweede en derde kwartale behartig[5],maar was op Verlaatkraal gedurende die laaste kwartaal.

Rietfontein. A.N.Groenenstein was werksaam aan hierdie skool toe dit in die laaste kwartaal deur die inspekteur besoek is.Die gebou was pas opgerig vir 30 leerlinge en die

---

1. O.D. 15/4 1893 319
2. Verslagen van Inspektiën gehouden gedurende 1893, 4e Kw.
3. Ibid
4. O.D. 14/3- 1893 445
5. Verslagen van Inspektiën gehouden gedurende 1893, 4e Kw.

meubels was vry goed. Die inskrywing het op 30 gestaan. Drie leerlinge in st. III het Engels geleer en twee van hulle is na st.IV bevorder, Drie van die 11 leerlinge in st. II is na st. III bevorder en die 9 in st. I is almal bevorder. Die aard van die onderwys was grondig.[1]

Verlaatkraal. W.Bosch was hier werksaam die laaste kwartaal met 15 leerlinge,waarvan 11 in st. I en 4 in st.II was. Die onderwys was vry goed.[2]

4. Die diensjaar 1894. Daar is weinig te vermeld oor die werk van hierdie jaar. 'n Nuwe skool is op Klipkuil in April geopen deur F.H.J.Bender en in November het die inspekteur die skool besoek. Daar was 16 leerlinge. Die lokaal was geskik en die leermiddels voldoende. Drie van die 6 leerlinge in st.I is oorgeplaas en die 9 in st. II is almal bevorder. Die onderwys was oor die algemeen goed en die toon was lewendig.[3]

5. Die diensjaar 1895.

Hoewel drie nuwe skole,nl. Kareeboomputte in Januarie,Amsterdam in Augustus en Schoonrecht in September geopen is [4], het die onderwys weinige vooruitgang gemaak. Die verre Wes-Transvaal het saam met die res van Transvaal 'n gevoelige terugslag in die boerdery belewe toe runderpes uitgebreek het. In die omgewing van Christiana het boere meer as £1100 as skadevergoeding ontvang vir die verlies aan beeste.[5]

'n Ander oorsaak waarom skole nie aan die vereiste om

1. Verslagen van Inspektiën gehouden gedurende 1893,4e Kw.

2. Ibid

3. Ibid 1894, Vierde Kwartaal

4. Ibid 1895, Vierde Kwartaal

5. Argief Christiana : Register van Uitgaven

'n besoek van die inspekteur te kry voldoen het nie, word toegeskrywe aan 'n pokke-epidemie wat hierdie jaar in Transvaal geheers het. Hierdie siekte was die oorsaak dat die regering by wyse van wetgewing voorsiening gemaak het vir die aanstelling van gesondheidskomitees in verskillende dorpe.[1] Die regulasies van die Christianase komitee is plaaslik ontwerp en nadat dit deur die regering gewysig is, het dit in die Staatskoerant van 2 Oktober 1895 verskyn. Die plaaslike komitee het bestaan uit landdros J. de Villiers Joubert, veldkornet J.D.S. van Woudenberg, posmeester K.Kooy en I.H.Seeligsohn.[2] In November het die komitee sy werksaamhede begin en dit was die enigste vorm van plaaslike bestuur wat gedurende die Republikeinse tydperk toegepas is in Christiana.

Die enigste skool wat deur die inspekteur besoek is was die een op Verlaatkraal. Daar was 12 leerlinge. Die inspekteur het lesse in Bybelse Geskiedenis, lees, reken en skrywe wat deur die onderwyser gegee is bygewoon. Aan die metodiese onderwys het nog baie ontbreek ; lees moes verbeter en aan die onderwys van spel moes veel meer gedoen word. Leesboeke vir sts.II en III het heeltemal ontbreek, maar die onderwyser het gebruik gemaak van die Kinderbybel.[3]

In sy algemene oorsig oor die werk in sy kring het inspekteur H. Moora daarop gewys dat slegs een uit elke 5 kinders van skoolgaande ouderdom op die skoolbanke was. In die Zoutpanbergse distrik was die toestand nog slegter, nl. een uit 9.[4]

---

1. Wet No. 12 van 1895
2. R. 8342/1895
3. Verslagen van Inspektiën gehouden gedurende 1895, 4e Kw.
4. Ibid,

6. Die diensjare 1896 en 1897.

Christiana. Die plaaslike skool het slegs met tussenposes gedurende 1896 bestaan, maar teen die einde van die jaar het die landdros in verbinding met die Onderwysdepartement getree en die hoop uitgespreek dat die aanbevole kandidaat, J.M. van Niekerk, aangestel sou word aangesien die jeug heeltemal verwaarloos word.[1] Van Niekerk het die benoeming aanvaar en in die loop van die eerste kwartaal 'n aansoek vir skoolboeke ingedien.[2] Toe die inspekteur in April die skool besoek, vind hy so 'n tekort aan boeke dat die onderwyser die afgelope kwartaal geen leesonderrig in Hollands gegee het nie.[3] Die onderwyser is ernstig oor die kole gehaal oor sulke nalatigheid. Van Niekerk het geantwoord dat hy die erns van sy oortreding besef en het belowe dat dit nie weer sou plaasvind nie.[4] Die aard van die werk was bevredigend. Die onderwyser is aangeraai om sy werk beter voor te berei en hy moes in eenvoudiger taal vertel.[5]

Tussen April en Augustus 1897 het die inskrywing van 35 tot 62 gestyg. Mej. L.Ludorf was die hulponderwyseres. Die inspekteur was nie tevrede met die toestand van die onderwys nie. Standerd I ( 48 leerlinge) was 'n swak klas, die orde was onbevredigend en slegs 6 van die leerlinge kon bevorder word. Van 5 leerlinge in st.II kon 2 oorgeplaas word, en al die leerlinge in st.III het hedruip. Die onderwys in taalkunde was sleg ; vaderlandse geskiedenis is swak geken ; nog kerkmusiek, nog sang het enige aandag ontvang. Die nuwe skoollokaal was kort gelede in gebruik geneem, maar

1. O.D. Minute Registers 9857/1896
2. Ibid 1112/1897
3. Ibid 3718/1897
4. Ibid 5867/ 1897
5. Verslagen van Inspektiën gehouden gedurende 1897, 2e Kw.

was alreeds te klein. Die inskrywing sou waarskynlik nog toeneem en die inspekteur het gehoop dat die skoolbestuur daarin sou slaag om 'n bekwame hoof vir die skool te kry.[1]

Die wykskole. Die volgende skole het in 1396 bestaan:[2]

| Skool | Inskrywing | Onderwyser |
|---|---|---|
| Amsterdam | 16 | J.C.Reyneke |
| Kareeboomputte | 15 | C.J. van Zyl |
| Panfontein | 6 | J.E.M.Panther |
| Palmietfontein | Gesluit tydens inspeksiereis | |
| Schoonrecht | 9 | H.J.Rietberg |
| Verlaatkraal | Gesluit tydens inspeksiereis | |
| 4 skole | 46 | 4 onderwysers |

Die geboue, leermiddels en meubels was oor die algemeen geskik en voldoende. Die inskrywing aan die wykskole het van 46 in 1896 tot 77 die volgende jaar aangegroei. Die toestand van die leervakke was baie onbevredigend. Die inspekteur het aanbeveel dat die skole op Verlaatkraal en Palmietfontein net tot die volgende inspeksie erken word.[3]

## 7. Die diensjaar 1898.

Christiana. Die dorp se bevolking het van 250 in 1897 tot 900 in 1899 toegeneem[4] en hierdie groei is ook in die skool se inskrywing weerspieël. 'n Nuwe skoolgebou het 'n dringende vereiste geword en die kommissie het gebruik gemaak van 'n subsidie vir hout en sink.[5] Die nuwe gebou is opgerig op erf nr. 446 en het uit 5 klaskamers bestaan.

In Oktober 1897 het dit die kommissie geluk om 'n ge-

1. Verslagen van Inspektien gehouden gedurende 1897,3e Kw.
2. Gegewens geput uit die inspeksieverslae oor 1896 en 1897
3. Ibid.
4. Staatsalmanac 1899
5. Verslag van die Gesubsidieerde Onderwys,4e Kw. 1898

kwalifiseerde hoofonderwyser,A?W.F. Pearson,te kty en kort hierna het 'n vierde leerkrag nodig geword.Hierdie pos is ge-gevul deur mej. M.Hoffman.[1] Aan die einde van die jaar is die twee kwekelinge,H.J.K.Smith en W.J.Bosch,na st.V. oor-geplaas.[2]

Die inspekteur,J.K.M. te Boekhorst, was baie ingenome met die vordering wat sedert sy vorige besoek gemaak is, en Pearson is 'n honorarium vir verdienste toegeken.[3]

Die volgende [illegible] tabel toon die skole,wat in hierdie streek bestaan het,met hulle inskrywings aan:[4]

| Skool | St.I | St.II | St. III | St. IV | St.V | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Christiana | 59 | 28 | 22 | 5 | 1 | 115 |
| Bloemhof (Heropen Jan.1898) | 19 | 11 | | | | 30 |
| Kloosjespan (Geopen Jan.1898) | 13 | 9 | 7 | | | 29 |
| Palmietfontein | 12 | 7 | 11 | | | 30 |
| Proposal (Geopen Jan. 1898) | 21 | 3 | 2 | | | 26 |
| Verlaatkraal | 9 | 6 | 6 | | | 21 |
| 6 skole | 133 | 64 | 48 | 5 | 1 | 251 |

Onderwysers. Hoewel die Republiek sedert 1889 voorsiening gemaak het vir die opleiding van sy eie onderwysers,kon Christiana en omgewing slegs twee gekwalifiseerde onderwysers bekom. Hulle het hulle sertifikate buite die Republiek verwerf en albei was op Christiana werksaam.

Teen die einde van die Republikeinse tydperk het die volgende skole met hulle onderwysers en lg. se sertifikate bestaan :[5]

1. O.D.Minute Registers 12923/1898
2. Ibid
3. Verslag van die Superintendent van 1898
4. Gegewens geput uit die Verslagen
5. Ibid

| Skool | Onderwyser(es) | Sertifikaat [1] |
|---|---|---|
| Christiana | Pearson A.W.F. | IIIe Klas E.T. K.K. [2] |
| | | IIe Klas Z.A.R. |
| | Van Niekerk J.M. | IIe Klas . . M.K.K. |
| | Hofman Mej. M. | IIe Klas O.V.S. |
| | Smith G.J.K. | Kwekeling |
| | Bosch W.J. | " |
| Bloemhof | Schultz J.B. | C., K.K. |
| Klosjespan | Van Zyl C.J. | ——— |
| Palmietfontein | Van der Tak J. | ——— |
| Proposal | Meester G.H. | ——— |
| Verlaatkraal | De Wet J.F. | ——— |

Algemeen. In sy algemene verslag oor die werk van 1898 het die inspekteur verklaar dat hy met gerustheid kon konstateer dat daar gedurende die jaar baie veranderings ten goede tot stand gekom het. Die milde ondersteuning van regeringswee het die voortbestaan van baie skole verseker.

Skoolkommissies was geneë,as gevolg van die algemene skaarste aan onderwysers,om sommer enigeen te laat aanstel, omdat hulle gemeen het dat enigeen goed genoeg was om kinders in st.I en II te leer. Hierin het groot gevaar geskuil omdat die die vernaamste was.

"De maatschappy eischt veel en velerlei ; dit kan niet alles in school bygebracht worden. Maar zover moeten de kin-

1. Gegewens geput uit die Verslagen v.d. Superintendent 1898

2. Verklarings :

IIIe Klas E.T. K.K. : Derde Klas Elementêre Onderwys Eksamen,Kaap Kolonie.

IIe Klas Z.A.R :Tweede Klas Onderwysertifaat,Z.A.R.

IIe Klas . M.K.K. : Tweede Klas Matrikulasie Kaap Kolonie

IIe Klas O.V.S : Tweede Klas Oranje-Vrystaat

C., K.K. : Bewys 't volle Curriculum der Normaalschool te Kaapstad te hebben deurlopen.

deren komen dat ze de middelen om later zelf hun kennis te vermeerderen leeren gebruiken en dat de lust daartoe opgewekt word." Daarom vorder die belang van die staat, waarvan die kinders later die burgers en regeerders sal word, goeie onderwysers en 'n voldoende aantal. Waarskynlik was nog nie een derde van die kinders op die skoolbanke nie en daar het nog baie verbetering in hierdie rigting voorgelê.[1]

8. Samevatting.

Die Mansvelt-stelsel het 'n nuwe tydperk, een van vooruitgang en konsolidering in die onderwys, ingelui. Die aantal skole het van 484 met 7932 leerlinge in 1892 tot 509 met 13561 leerlinge in 1898 aangegroei.[2] Hierdie groei word tot in mate in die gebied onder bespreking weerspieël : van twee skole in 1892 het die aantal toegeneem tot 6 in 1893 en hoewel die aantal skole wat op dieselfde tydstip bestaan het, nooit die halfdosyn kerf oorskry het nie, het die inskrywing van ongeveer 40 toegeneem tot 251 in 1898, waarvan byna die helfte in Christiana was.

Christiana het die enigste werklike skoolgebou gehad. Al die ander was private eiendom en ongeskik vir die doel waarvoor hulle opgerig is.

Slegs tien onderwysers het hierdie inskrywing behartig.

1. Verslag van den Superintendet 1898

2. Coetzee : Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 64